After matric Kemang enrolled at the Community Arts Project in Cape Town to study theatre. Although he enjoyed it, he slowly became more fascinated with visual arts and he wanted to learn more about it.

Just as in theatre, Kemang’s work has props that help us to read the story that he is telling through his art. He has made video works, installations and even compiled a whole jazz album for one of his exhibitions. Sometimes he incorporates drawings and sometimes he performs himself. He has made many works that use old school desks to create different objects. Through these desks, he speaks about education in our history and our present.



An illustration of “My apologies to time” by Kemang. The original artwork is made from real objects.

’n Illustrasie van “My apologies to time” deur Kemang. Die oorspronklike kunswerk is uit werklike voorwerpe gemaak.

Na matriek het Kemang by die Community Arts Project in Kaapstad ingeskryf om teaterkunde te studeer. Hoewel hy dit geniet het, het hy stadigaan meer gefassineer geraak met visuele kuns, en hy wou meer daarvan leer.

Net soos in die teater, sluit Kemang se werk rekwisiete in wat ons help om die storie te lees wat hy deur sy kuns vertel. Hy het videowerke en installasies gemaak en selfs ’n hele jazz-album vir een van sy uitstallings saamgestel. Soms sluit hy tekeninge in en soms tree hy self op. Hy het baie werke gemaak waarin hy ou skoolbanke gebruik om verskillende voorwerpe te skep. Deur hierdie skoolbanke praat hy oor onderwys in ons verlede en ons hede.



Banele Khoza

Because he was a clever child, Banele Khoza was told that he had to become a doctor. Where he grew up, becoming a doctor was the most prestigious thing that people could imagine. He was scared that if he was just himself, he might disappoint his parents and others in eSwatini.

Banele Khoza was ’n slim kind en daarom is daar vir hom gesê hy moet ’n dokter word. Waar hy grootgeword het, was ’n dokter ’n baie voorraanstaaende persoon. Hy was dus bang dat hy sy ouers en ander mense in eSwatini sou teleurstel as hy net homself sou wees.

BANELE KHOZA

BUHLEBEZWE SIWANI

Sometimes something happens in your life that makes you see the world in a new way. Something like this happened to Buhlebezwe Siwani when she was still at university. She realised that she had “the calling” to become a sangoma. A sangoma is a spiritual person and traditional healer.

Soms gebeur dinge in ’n mens se lewe wat maak dat jy op ’n nuwe manier na die wêreld kyk. So iets het met Buhlebezwe Siwani gebeur toe sy nog op universiteit was. Sy het besef dat sy ’n roeping het om ’n sangoma te word. ’n Sangoma is ’n spirituele persoon en tradisionele heler.




Buhlebezwe Siwani

Buhlebezwe beoefen meestal vertoonkuns, wat 'n kunsvorm is waar jy jou eie of ander mense se liggame in 'n ruimte gebruik terwyl 'n gehoor daarna kyk. Sy het ook talle kunswerke gemaak uit 'n soort seep van die Oos-Kaap wat haar familie gebruik het om alles te was, van klere, tot hare, tot skottelgoed. Sy het 'n figuur van haarself uit hierdie seep gekerf en ook 'n klein koeë seep daaruit gemaak. Sy het die koeë seep toe in 'n skottel geplaas wat lyk soos dié wat hulle gebruik het om hulself in te was. Hierdie kunswerk is in Parys uitgestal as deel van 'n viering van Suid-Afrikaanse kontemporêre kunstenaars.

Nadat sy haar roeping ontvang het, het Buhlebezwe haar kuns as deel van haar spiritualiteit begin sien. Sy dink mense reageer op haar werk omdat dit baie eerlik is.

An illustration of Buhlebezwe's artwork.

'n Illustrasie van Buhlebezwe se kunswerk.



Buhlebezwe mostly does performance art, which is a form of art where you use your own or other people's bodies in a space and an audience watches it. She has also made many artworks with a kind of soap from the Eastern Cape that her family used for washing everything from clothes, to hair, to dishes. She carved a figure of herself out of this soap, and moulded the soap into the shape of the dish that they used to wash themselves. This artwork was shown in Paris as part of a celebration of South African contemporary artists.

After receiving her calling, Buhlebezwe started seeing her art as part of her spirituality. She thinks that people respond to her work because it is very honest.

Before this moment, Buhlebezwe had been studying art. Growing up she wanted to be a pilot. She noticed that the pilots' voices that spoke over the intercom were mostly male. She thought she could do that job, but art won her ambitions. When it came time to study, she received a scholarship for law and engineering, but she wanted to study art instead.

Buhlebezwe grew up spending half her time with her mother in Soweto and half with her father in the Eastern Cape. Her great-grandmother was jailed at Constitution Hill in Johannesburg for marching for women's rights. So Buhlebezwe grew up very aware of the political situation in South Africa. She can even remember her grandmother playing pretend voting with her where she had to draw her own ballots. That might be where she developed the strong impression that artists have an important job to do. Art should help people heal from the difficult situations that life has brought them.

Voor hierdie oomblik het Buhlebezwe kuns studeer. Toe sy 'n kind was, wou sy 'n vlieënier word. Sy het opgelet dat die vlieëniers se stemme wat sy oor die interkom gehoor het, meestal manstemme was. Sy het gedink dat sy hierdie werk sou kon doen, maar op die ou end het sy kuns gekies. Toe dit tyd was vir haar om te gaan studeer, het sy 'n beurs vir regte en ingenieurswese gekry, maar sy wou eerder kuns studeer.

Buhlebezwe het as kind die helfte van die tyd by haar ma in Soweto deurgebring en die ander helfte by haar pa in die Oos-Kaap. Haar oumagrootjie is by Constitution Hill in Johannesburg in die tronk aangehou omdat sy aan 'n optog vir vroueregte deelgeneem het. Buhlebezwe was dus tydens haar grootwordjare baie bewus van die politieke situasie in Suid-Afrika. Sy kan selfs onthou dat haar ouma gemaak het of hulle aan 'n verkiesing deelneem en sy moes dan haar eie stembriewe teken. Dit was dalk waar sy sterk onder die indruk gekom het dat kunstenaars 'n belangrike werk het om te doen. Kuns moet mense help om die moeilike situasies waarin die lewe hulle dompel te bowe te kom.

Toe sy klaar was met kunsskool, is Nkule Switserland toe om te leer om 'n kurator te word. 'n Kurator stel uitstallings saam en besluit watter kunswerke om te gebruik en hoe dit uitgestal moet word. Op hierdie manier is dit die kurator se werk om die gehoor en die kunswerk nader aan mekaar te bring.

Endag het Nkule en haar vriendin Nomusa Makhubu besluit om in te skryf vir 'n kompetisie om kurator te wees van een van die grootste internasionale uitstallings wat elke twee jaar in Italië gehou word. Hierdie geleentheid staan bekend as die Venesiese Biënnale. Hulle kon nie glo toe hul inskrywing wen en hulle die kurators van die 58ste Venesiese Biënnale se Suid-Afrikaanse Paviljoen word nie. Dit is 'n baie groot eer en die hoogtepunt van baie kurators se loopbane. Hulle het hierdie geleentheid gebruik om kuns uit te stal wat probeer om die geskiedenis van ons land te vertel en wat voorheen uitgelat is. Hulle het dit genoem, "The Stronger We Become". Die kunstenaars wat hulle gekies het om mee saam te werk, Tracey Rose, Mawande Ka Zenzile en Dineo Seshèe Bopape, kyk almal terug na waar ons vandaan kom sodat ons die hede beter kan verstaan.

Nkule se: "Jy weet nooit of jy dalk sal wen nie, so jy moet dapper wees. Elke kompetisie of aansoek om beëfonsing is 'n toets, en hierdie keer het ons 10 uit 10 gekry!"

After art school, Nkule went to Switzerland to study curation. A curator puts exhibitions together and decides which art works to use and how they should be displayed. In this way, it is the curator's job to bring the audience and the artwork closer together.

One day, Nkule and her friend Nomusa Makhubu decided to enter a competition to be the curators of one of the biggest international exhibitions that happens in Italy every two years. This event is the "Venice Biennale". They could not believe it when their entry won and they became the curators for the 58th Venice Biennale's South African Pavilion. This is a very big honour and the highlight of many curators' careers. They used this opportunity to show art that tries to tell the histories of our country and that had been left out before. They called it "The Stronger We Become". The artists they chose to work with, Tracey Rose, Mawande Ka Zenzile and Dineo Seshèe Bopape, all look back at where we come from in order to better understand our present.

Nkule says, "You never know if you might win, so you have to be brave. Every competition or funding application is a test, and this time we got 10 out of 10!"

KEMANG WA LEHULERE



Kemang wa Lehulere

A life in theatre is what you would have predicted for Kemang wa Lehulere if you had watched him as a child. From a young age he was completely swept up by the magic of directing, props, lighting, sound and acting. Kemang took acting classes, had a casting agent and even tried to create a theatre group with his classmates, although no one except Kemang and his teacher showed up. Kemang was a politically aware child and in his house the evening news was not just watched, it was also discussed among the family members.

As jy vir Kemang wa Lehulere as kind kon sien, sou jy vir hom 'n lewe in die teater voorspel het. Hy was van jongs af heeltemal opgeneem deur die towerkrag van regie, rekwisiete, beligting, klank en toneelspel. Kemang het toneelklasse bygewoon, het 'n teateragent gehad, en het selfs probeer om 'n toneelgeselskap saam met sy klasmaats te begin, hoewel niemand behalwe Kemang en sy onderwyser opgedaag het nie. Kemang was 'n polities bewuste kind, en in sy huis is daar nie net saans na die nuus op TV gekyk nie, maar dit is ook deur die gesinslede bespreek.

Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *Explore! Awesome South African artists* (pages 5, 6, 11 and 12), *The very tired lioness* (pages 7 to 10) and *Temo and the plant thieves* (page 14).



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Verken! Uitsonderlike Suid-Afrikaanse kunstenaars* (bladsye 5, 6, 11 en 12), *Die baie moeë leeuwyfie* (bladsye 7 tot 10) en *Temo en die plantdiewe* (bladsy 15).

Explore! Awesome South African artists

- ★ Write down five things that you found interesting or that surprised you about the artists' stories.
- ★ Use recycled materials (like cardboard boxes, fabric scraps, egg cartons, pictures from magazines and cardboard toilet rolls) and/or natural materials (like twigs, sand and leaves) to create a sculpture (an object) or a collage (a picture made of different materials) about yourself. Think about the things that make you unique, things that interest you and things you like to do.

Verken! Uitsonderlike Suid-Afrikaanse kunstenaars

- ★ Skryf vyf dinge neer wat jy interessant gevind het of wat jou verras het van die kunstenaars se stories.
- ★ Gebruik herwinde materiaal (soos kartonbokse, afvallappies, eierboksies, prente uit tydskrifte en kartontoiletrolle) en/of natuurlike materiale (soos takkies, sand en blare) om 'n beeldhouwerk ('n voorwerp) of 'n collage ('n prent wat van verskillende materiale gemaak is) van jousef te maak. Dink oor die dinge wat jou uniek maak, dinge waarin jy belangstel en dinge wat jy graag doen.

The very tired lioness

- ★ What could the lioness be thinking as she looks down at the beautiful world that she left behind? Write her thoughts in the big cloud.
- ★ How do you think she feels? Write a "feeling" word in each of the small clouds.

Die baie moeë leeuwyfie

- ★ Wat dink die leeuwyfie terwyl sy afkyk na die pragtige wêreld wat sy agtergelaat het? Skryf haar gedagtes in die groot wolk neer.
- ★ Hoe dink jy voel sy? Skryf 'n "gevoelswoord" in elk van die klein wolkies.

Clouds for writing thoughts and feelings.

Temo and the plant thieves

- ★ Make "Wanted" posters for the goats, cows and birds. Start by writing down all the words you can think of that describe each animal. Write "Wanted" at the top of three separate A4 sheets of paper. On each sheet, draw a picture of one of the animals, and then use the words you thought of to write a short description of the animal so that people will easily be able to recognise it.
- ★ What is the most unusual plant you can think of growing? How could it be used?



Temo en die plantdiewe

- ★ Maak "Gesoeke"-plakkate vir die bokke, koeie en voëls. Begin deur al die woorde neer te skryf waaraan jy kan dink wat elke dier beskryf. Skryf "Gesoeke" bo-aan drie afsonderlike velle A4-papier. Teken op elke papier 'n prent van een van die diere, en gebruik dan die woorde waaraan jy gedink het om 'n kort beskrywing van die dier te gee sodat mense hulle maklik sal herken.
- ★ Wat is die mees ongewone plant waaraan jy kan dink om te kweek? Hoe kan dit gebruik word?

I'd love to grow a plant that has books on it instead of leaves, then I could pick a new book to read any time.



Ek sal daarvan hou om 'n plant te kweek wat boeke dra in plaas van blare, want dan kan ek enige tyd 'n nuwe boek pluk om te lees.

I'd love to grow a plant with purple leaves and purple bubblegum on it. Purple is my favourite colour and I love bubblegum, so I'd always have two of my favourite things nearby!



Ek sal graag 'n plant met pers blare en pers kougom wil kweek. Pers is my gunstelingkleur en ek is dol oor kougom, so ek sal dan altyd twee van my gunstelingdinge byderhand hê!



Drive your imagination



Temo and the plant thieves

By Kgosi Kgosi ■ Illustrations by Magriet Brink and Leo Daly



Temo was a clever young girl who lived in the village of Qunu. She loved going to school and learning new things.

One day at school, her class learnt about planting and growing vegetables. Temo was so fascinated by this idea that she could not wait to get home to tell her parents about it.

BRRRRING! The last school bell of the day rang and all the children rushed out of their classrooms to make their way home.

When Temo arrived home, her mother and father were in the kitchen having tea.

"Hello, Mama. Hello, Papa," she said as she walked into the kitchen.

"Hello, Temo," answered her parents.

"How was your day at school today?" asked her mother.

"It was good! I learnt something very interesting," replied Temo excitedly while making her way to her bedroom.

Temo's parents wondered what their daughter was talking about, but before they could ask her to explain, she had disappeared.

In her bedroom, Temo took off her school uniform and put on her other clothes. But these were not her everyday other clothes. She put on her overalls, gumboots and a hat.

Temo walked back into the kitchen. "Ta-da! Mama and Papa, look!" she said.

Her parents were very surprised. Temo never wanted to do any chores at home, so why was she suddenly dressed in work clothes?

"Why are you dressed like that, Temo?" her father asked.

"Because I want to start growing my own vegetables, Papa," she said excitedly.

"So, you want to have your own garden here at home?" her mother asked.

"Yes, Mama," Temo replied.

Temo's parents looked at each other and wondered how Temo would manage to take care of a garden when she complained about chores as simple as making them tea. But they decided to have faith in her anyway.

So Temo and her father went outside and chose a piece of land in their yard where Temo could start her garden. Then Temo's father went inside to change into his overalls.

First, Temo and her father used a garden fork to break up the ground they had chosen. This helped make the soil soft for planting seeds. It also helped loosen unwanted weeds and stones under the soil. Next, they raked all the unwanted weeds and stones from the soil. Temo and her father put all the weeds into big black plastic bags and threw them into the dustbin.

The next day when Temo came back from school, she quickly changed out of her school uniform and went into her garden with her father. Her father had bought some seeds for them to plant. So, they planted and planted! They planted spinach, carrot, tomato and bean seeds. Then Temo watered the soil to help the seeds grow. Every day after that Temo was excited to come home from school and water her garden.



But there was a little problem: while no one was looking, the animals were starting to eat Temo's vegetable plants!

One day, when she came home from school, Temo found the goats feeding in her garden. She chased them away and ran into the house.

"Mama! Papa! The goats are eating my vegetable plants. Why didn't you watch out for them?" she said, crying.

"Sorry, Temo," apologised her father. "Mama and I were taking a nap. Let's go outside and see what we can do."

So they went into the garden. What a mess the goats had made! But at least only a small part of the garden had been damaged.

"Let's build a fence around the garden, Papa," Temo suggested.

"That's a good idea!" Papa replied.

So Temo and her father built a fence around the garden so the goats could no longer get in.

The next day when she came home from school, Temo found the cows eating her plants. The cows had been clever enough to open the garden gate with their horns!

Temo tried to chase the cows away, but it only took one cow with large, sharp horns to look at her and she was terrified! The cows looked so big! So she ran into the house.

"Mama! Papa! This time the cows are eating my vegetable plants," she said.

Temo and her father went outside and found the cows grazing in Temo's garden. Her father chased them away.

"Papa, why don't we lock the gate with a padlock?" Temo suggested. "That way the cows won't be able to open the gate again."

Her father thought that was a good idea so they went and bought a padlock and they locked the gate.

The next day when Temo came back from school, she found not the goats, not the cows, but the birds eating the plants in her garden! She chased them away and ran to tell her parents.

"Mama! Papa! Now the birds are eating my vegetable plants," she cried.


Temo's father went outside with her to see what the problem was.

"I don't know what to do now, Temo," said her father scratching his head as he thought hard.

"I know what we can do," said Temo quickly. "We can put a net over the garden, then the birds won't be able to get to the plants."

And Temo was right! She never had to worry about any animals eating the plants in her garden again. No goats could get in, no cows could get in and no birds could get in either.

The plants in her garden grew and grew, and soon the vegetables were ready for picking! Temo's mother cooked a tasty soup of beans, carrots, spinach and tomatoes and they all enjoyed a meal that had come from Temo's garden.



Drive your
imagination



Temo en die plantdiewe

Deur Kgosi Kgosi ■ Illustrasies deur Magriet Brink en Leo Daly

Storiehoekie



Temo is 'n slim jong meisie wat in die dorpie Qunu woon. Sy geniet dit om skool toe te gaan en nuwe dinge te leer.

By die skool leer haar klas op 'n dag hoe om groente te plant en te kweek. Temo is so opgewonde hieroor dat sy nie kan wag om by die huis te kom om haar ouers daarvan te vertel nie.

TRRRRIENG! Die laaste skoolklok van die dag lui en die kinders storm by hul klaskamers uit om huis toe te gaan.

Toe Temo by die huis kom, drink haar ma en pa tee in die kombuis.

"Hallo, Mamma. Hallo, Pappa," sê sy toe sy by die kombuis instap.

"Hallo, Temo," antwoord haar ouers.

"Hoe was jou skooldag vandag?" vra haar ma.

"Lekker! Ek het 'n baie interessante ding geleer," antwoord Temo opgewonde terwyl sy na haar slaapkamer toe stap.

Temo se ouers wonder waarvan sy praat, maar voor hulle haar kan vra om te verduidelik, is sy weg.

In haar slaapkamer trek Temo haar skoolklere uit en trek ander klere aan. Maar dit is nie haar gewone klere nie. Sy trek haar oorpak en rubberstewels aan en sit 'n hoed op.

Temo stap terug kombuis toe. "Ta-da! Kyk, Mamma en Pappa!" sê sy.

Haar ouers is baie verbaas. Temo wil nooit enige werkies in en om die huis doen nie, so waarom het sy skielik werkklere aan?

"Hoekom het jy daardie klere aan, Temo?" vra haar pa.

"Want ek wil my eie groente begin kweek, Pappa," sê sy opgewonde.

"Wil jy jou eie tuin hier by die huis hê?" vra haar ma.

"Ja, Mamma," antwoord Temo.

Temo se ouers kyk na mekaar en wonder hoe Temo dit gaan regkry om 'n tuin te versorg as sy kla oor eenvoudige takies, soos om vir hulle tee te maak. Maar hulle besluit om haar 'n kans te gee.

Temo en haar pa gaan toe buitentoe en kies 'n stuk grond in hul erf waar Temo haar tuin kan aanlê. Toe gaan trek Temo se pa sy oorpak aan.

Eers gebruik Temo en haar pa 'n tuinvurk om die grond los te maak. Dit help om die grond sag te maak sodat hulle saad kan plant. Dit help ook om ongewenste onkruid en klippies onder die grond los te maak. Toe hark hulle al die ongewenste onkruid en klippies op. Temo en haar pa stop al die onkruid in groot swart plastieksakke en gooi dit in die vullisdrom.

Die volgende dag toe Temo na skool by die huis kom, trek sy gou haar skoolklere uit en gaan saam met haar pa tuin toe. Haar pa het vir hulle saad gekoop om te plant. Hulle plant en plant! Hulle plant spinasie, wortels, tamaties en boontjies. Toe gee Temo die saadjies water om hulle te help groei. Temo is elke dag opgewonde om na skool by die huis te kom sodat sy haar tuin kan natlei.



Maar daar is 'n klein probleem: terwyl niemand kyk nie, begin die diere die klein groenteplantjies in Temo se tuin opeet!

Eendag, toe sy na skool by die huis kom, vind Temo bokke wat in haar tuin wei. Sy jaag hulle weg en hardloop huis toe.

"Mamma! Pappa! Die bokke eet my groenteplantjies. Hoekom het julle nie my plantjies opgepas nie?" sê sy huilend.

"Jammer, Temo," sê haar pa. "Ek en Mamma het 'n uitjie geknip. Kom ons gaan buitentoe en kyk wat ons kan doen."

Temo en haar pa gaan tuin toe. Die bokke het omtrent amok gemaak! Maar ten minste is net 'n klein deel van die tuin verniel.

"Kom ons bou 'n heining om die tuin, Pappa," stel Temo voor.

"Dis 'n blink plan!" antwoord Pappa.

Temo en haar pa bou toe 'n heining om die tuin sodat die bokke nie meer kan inkom nie.

Die volgende dag toe Temo na skool by die huis kom, sien sy dat die koeie besig is om haar plantjies te eet. Die koeie was slim genoeg om die tuinkekkie met hul horings oop te maak!

Temo probeer die koeie wegjaag, maar toe een koeie met lang, skerp horings na haar kyk, skrik sy haar yskoud! Die koeie lyk so groot! Sy hardloop huis toe.

"Mamma! Pappa! Nou eet die koeie my groenteplantjies," sê sy.

Temo en haar pa gaan buitentoe en sien dat die koeie in Temo se tuin wei. Haar pa jaag hulle weg.

"Hoekom sluit ons nie die hek met 'n hangslot nie, Pappa?" stel Temo voor. "Dan sal die koeie nie weer die hek kan oopmaak nie."

Haar pa dink dis 'n goeie idee, en hulle gaan koop 'n hangslot en sluit die hek.

Die volgende dag toe Temo na skool by die huis kom, kry sy nie die bokke of die koeie nie, maar die voëls wat die plante in haar tuin opeet! Sy jaag hulle weg en hardloop om vir haar ouers te gaan vertel.

"Mamma! Pappa! Nou eet die voëls my groenteplantjies," roep sy.


Temo se pa gaan saam met haar buitentoe om te kyk wat die probleem is.

"Ek weet nie wat ons nou kan doen nie, Temo," sê haar pa terwyl hy sy kop krap en diep dink.

"Ek weet wat ons kan doen," sê Temo vinnig. "Ons kan 'n net oor die tuin span, en dan sal die voëls nie by die plantjies kan uitkom nie."

En Temo is reg! Sy hoef nooit weer bekommerd te wees dat enige diere die plante in haar tuin sal eet nie. Nie 'n bok of koeie of selfs 'n voël kan inkom nie.

Die plante in haar tuin groei en groei, en somer gou is die groente gereed om gepluk te word! Temo se ma maak 'n heerlike sop van boontjies, wortels, spinasie en tamaties, en hulle smul almal aan die kos uit Temo se tuin.



Drive your
imagination

Nal'ibali fun

Nal'ibali-pret



When people travel to interesting places they often send postcards to friends and family back home. Postcards usually have a photograph of a place you have visited on one side. A message and the address of the person you are sending the postcard to, are on the other side. Now follow the steps below to make your own postcard!

1. Cut out the front and back sides of the postcard.
2. Glue the two sides together.
3. On the front of your postcard, draw a picture of a place you would like to visit or a place you enjoyed visiting – or create a magical place all of your own!
4. On the back of your postcard:
 - ★ on the left, write a message to someone you know telling them about how you are enjoying visiting the place in the picture and what you've done while you are there.
 - ★ start your message like this: Dear ...
 - ★ don't forget to say who the message is from – you!
 - ★ on the lines on the right, write the name, surname and address of the person you are sending the postcard to.
 - ★ in the empty block above the address, draw a postage stamp.

Wanneer mense na interessante plekke reis, stuur hulle dikwels poskaarte vir hul vriende en familie by die huis. Poskaarte het gewoonlik 'n foto van 'n plek wat jy besoek het aan die een kant. Aan die ander kant is daar plek vir 'n boodskap en die adres van die persoon vir wie jy die poskaart stuur. Volg nou die stappe hieronder om jou eie poskaart te maak!

1. Knip die voorkant en agterkant van die poskaart uit.
2. Plak die twee kante met gom aan mekaar vas.
3. Teken op die voorkant van jou poskaart 'n prent van 'n plek wat jy graag wil besoek of 'n plek wat jy besoek het – of skep jou eie fantasieplek!
4. Op die agterkant van jou poskaart doen jy die volgende:
 - ★ skryf aan die linkerkant 'n boodskap aan iemand wat jy ken waarin jy vir hulle vertel hoe jy dit geniet het om die plek in die prent te besoek en wat jy alles daar gedoen het.
 - ★ begin jou boodskap as volg: Beste ...
 - ★ moenie vergeet om te sê van wie die boodskap kom nie – van jou af!
 - ★ skryf die naam, van en adres van die persoon aan wie jy die poskaart gaan stuur op die reëls aan die regterkant.
 - ★ teken 'n posseël in die leë blokkie bo die adres.

Front/Voorkant

Back/Agterkant



Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us by calling our call centre on 02 11 80 40 80, or in any of these ways:
Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Skakel ons inbelsentrum by 02 11 80 40 80, of kontak ons op een van die volgende maniere:

- www.nalibali.org www.nalibali.mobi [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA) info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Arena Holdings Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.



Drive your
imagination

The Herald

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE.

